

Die skepping



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Psalm 100:1-3, Genesis 1-2, Exodus 20:8-11 en hfst. 40:33, asook Mattheus 25:14-30 en hfst. 19:7-9.*

Geheeteks: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (*Genesis 1:1, OAB*).

Genesis, en gevolglik die Bybel in sy geheel, begin met God se skeppingsdade. Dit is ’n baie belangrike feit dié, want dit beteken dat ons skepping die begin van die mensdom se geskiedenis asook bybelgeskiedenis is. Voorts het dit ’n belangrike implikasie: dat die skeppingsverhaal in Genesis net so geskiedkundig-korrekt is as ander gebeure in die bybelgeskiedenis en die geskiedenis van die mens.

Die boekstaving van die skeppingsgebeurtenis, in die vorm van hoofstukke 1 en 2, bevat lesse oor God en die mens. Gedurende die week se studie sal die diepe betekenis van die sewendedag-sabbat aan die lig kom. Ons sal God se skepping van die mens na sy beeld, asook die feit dat Hy ons uit stof gevorm het, bekyk. ’n Interessante ontdekking wat ons inwag is die doel van die boom van kennis, goed en kwaad, en dié boom se verband met die boom van die lewe.

Van al die lesse wat ’n mens uit hierdie bybelverhale oor die begin van die mensdom put, is die belangrikste dié oor God se genade. Die bestaan van die mens is suiwer te danke aan God se genade. God het boonop die hemel en die aarde geskape vóór Hy die mens daarop gevorm het. Wat meer is: die verlossing van die mens is net soos die skepping van die mens – ’n gawe van Bo. Die feit dat beide die skepping en verlossing van die mens in die sewendedag-sabbatsgebod opgesluit is, is onpeilbaar diep!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 April.*

God van die skepping

Lees Psalm 100:1-3. Watter reaksie ontlok die Skepper God by die mens? Waarom?

Die eerste boodskap wat die skeppingsverhaal in Genesis 1 by ons tuisbring is dat die fokus op *God* val. Dit blyk uit die vertaling van die heel eerste vers: “In die begin het God...” (*OAB*). In hierdie eerste sinsnede van Gen. 1:1 staan die woord “God” reg in die middel van die teksvers, en in die dreunsang-tradisie dra dit die sterkste klem moontlik ten einde die belangrikheid van God te benadruk. Die skepping-teks begin dus met ’n beklemtoning van die Skepper God, die een wat alles tot stand gebring het.

Genesis begin inderwaarheid met twee uiteenlopende uitbeeldings van God. In die eerste skeppingsverhaal (*in Gen. 1:1 tot 2:4*) is die afstand tussen Hom en die mens oneindig groot. Hy is die bomenslike God, Elohim, wie se naam op die allesoortreffendheid van die Skepper dui. Die naam Elohim benadruk ook sy uitnemendheid en krag, en met die gebruik van die meervoudsvorm (-im) gee dit uiting aan die begrippe majesteit en transendensie (oftewel allesoortreffendheid).

Die tweede skeppingsverhaal (*Gen. 2:4-25*) dui op die nabyheid en betrokkenheid van die Here, die inwonende (immanente) God wat YHWH genoem word, ’n naam wat volgens baie kenners op die begrippe nabyheid en verhouding dui. (Immanensie is presies die teenoorgestelde van transendensie. Immanent beteken inwonend, byblywend, m.a.w. dat Hy by die mens bly.) Tesame doen die twee skeppingsverhale dus indirek beroep op die mensdom om God te aanbid; bestaande uit die besef dat God oor oneindige majesteit en mag beskik, en daarmee saam die belydenis dat ons van Hom afhanklik is – “Hy het ons gemaak” (*Ps. 100:3, NAB*), ons het nie onself geskep nie. Dit is hoekom so baie van die psalms dikwels aanbidding met die skepping assosieer (*Ps. 95:1-6, Ps. 139:13 en 14 [vgl. Op. 14:7]*).

Hierdie tweeledige beskouing van God – as die Opperwese wat enersyds oor beide almag en majesteit beskik; en wat andersyds naby, liefdevol en ’n noue band met ons het – onderstreep ’n belangrike punt oor ons ingesteldheid teenoor God ten tye van aanbidding. Ons moet ontsag en eerbied vir Hom hê. Dit moet hand aan hand met aanbidtingsvreugde gaan, en met die geloofsekerheid dat God naby ons is, ons vergewe, en ons liefhet (*lees Ps. 2:11*). Selfs die volgorde van hierdie twee uitbeeldings van God is betekenisvol: die belewenis van God se nabyheid en sy intieme teenwoordigheid kom na die belewenis dat Hy vêr bokant ons verhewe is. Slegs wanneer ’n mens besef dat God groot is, sal jy sy genade kan waardeer en geniet, wanneer jy sidder voor sy wonderbare en liefdevolle teenwoordigheid in jou lewe.

Dink aan God se oneindige mag, wat die heelal in stand hou, maar wat terselfdertyd so naby aan ons kan wees. Waarom is hierdie aangrypende waarheid so merkwaardig?

Die skepping

Lees Genesis 1:4, 10, 12, 18, 21, 25 en 31; asook hfst. 2:1-3. **Wat is die betekenis van die herhalende sinsnede “en dit was goed” in die eerste skeppingsverhaal? Watter les word deur die voltooiing van die skepping geïmpliseer (Gen. 2:1-3)?**

Na elke byvoeging tot die skepping evalueer God sy handewerk en sê in die Hebreeus dat dit ‘tov’ (oftewel “goed”) is. Die aanvaarde siening is dat Hy met hierdie byvoeglike naamwoord sê dat sy skeppingswerk suksesvol was. Met die opmerking dat dit telkens “goed was” bedoel God dus dat Hy “in sy doel geslaag het.” Die lig wat Hy geskape het, het inderdaad die aarde verlig (*Gen. 1:4*); die plante wat Hy geskape het, het inderdaad vrugte voortgebring (*Gen. 1:12*); ensovoorts.

Tog dui hierdie sinsnede (“en dit was goed”) op meer as funksionele doeltreffendheid. Die Hebreeuse woord ‘tov’ word ook in die Bybel as ’n uitdrukking van estetiese waardering gebruik, m.a.w. om te sê dat iets mooi is (*Gen. 24:16*). Dit word ook direk met die kwaad gekontrasteer (*Gen. 2:9*), en die kwaad op die beurt met die dood (*Gen. 2:17*).

Die sinsnede “en dit was goed” beteken dus dat die skepping reg gewerk het, dat dit mooi en volmaak was, en dat daar geen boosheid (oftewel kwaad) in was nie. Die wêreld was “nog nie” soos ons dit nou ken, uitgelewer aan sonde en die dood nie, ’n feit wat inderdaad ook in die inleiding van die tweede skeppingsverhaal pertinent genoem word (*lees Gen. 2:5*).

Hierdie beskrywing van die skepping is presies die teenoorgestelde van die evolusieteorie, wat dogmaties volhou dat die wêreld sigself progressief tot stand gebring het; m.b.v. ’n reeks opeenvolgende toevallige gebeure, beginnende by eenvoud wat dan tot kompleksiteit lei.

In teenstelling hiermee bevestig die skrywer van Genesis dat God die aarde doelbewus en meteens geskep het (*hfst. 1:1*). Dit het absoluut niks met toeval of ewekansigheid te doen gehad nie. Die wêreld het nie vanself tot stand gekom nie, maar is deur die wil en woord van God geskep (*Gen. 1:3*). Let op die werkwoord bara’ (oftewel “geskep” of “geskape”). Dit verskyn in Genesis 1 waar dit sê dat God in die begin die hemel en die aarde “geskep” het. Dié werkwoord het deurgaans ’n enkele onderwerp, God. Let ook op die idee van “meteensheid” wat dit telkens tuisbring: *God het gespreek, en dit was dadelik so*.

Die geboekstaafde skeppingsverhaal sê vir ons dat “alles” tot stand gebring is (*Gen. 1:31*), en dat die Skeppergod dit Self as “baie goed” beskou het (*Gen. 1:31*). Genesis 1:1 beskryf dié gebeurtenis, die skepping van hemel en aarde; en Genesis 2:1 verklaar dat dit volbring is. Boonop is dit alles, insluitende die Sabbat, binne sewe dae voltooi.

Evolusie se miljarde jare is ’n nietigverklaring van die skeppingsverhaal in Genesis. Waarom so? Waarom is dié twee sienings in elke denkbare opsig onversoenbaar

Die Sabbat

Lees Genesis 2:2 en 3, asook Eksodus 20:8-11. Hoe is dit dat die Sewendedag-sabbat verband hou met die skepping? Watter uitwerking het dit op die wyse wat ons die Sabbatdag onderhou?

God het sy skeppingswerk “voltooi” en juis daarom het Hy die Sabbatdag ingestel. Die Sewendedag-sabbat is dus ’n geloofsbelydenis dat ons glo dat God sy skeppingstaak voltooi het en dat Hy dit as “baie goed” beskou het. Deur die onderhouding van die Sabbat stem ’n mens met God saam oor hierdie dinge, bely jy dat sy skepping waarde het en mooi is.

Ons rus ook van ons werk net soos God van Syne gerus het na die skepping. Deur sabbatsonderhouding aanvaar ’n mens die skepping en ook die feit dat dit “baie goed” was, en dit sluit die menslike liggaam in. In teenstelling met sommige antieke (en ook moderne) sienings, maak die Skrif nêrens, hetsy in die Ou of Nuwe Testament, die liggaam as boos of sleg af nie. Dit is ’n paganistiese idee, nie ’n Bybelse een nie. In teendeel, sabbatariërs is dankbaar vir God se skepping – wat hul eie vleeslike liggame insluit – en dit is hoekom ons die skepping kan geniet en waarom ons dit koester en versorg.

Die Sabbat is die eerste van ’n aantal “afsluitingspunte” [of dalk “voltooiings”] in die geskiedenis van die mens, en is ’n baken van hoop vir die lydende mensdom en die kreunende aarde. Interessant genoeg, maak hierdie idee van afsluiting weer sy verskyning na die bou van die tabernakel, in die vorm van die sinsnede “So het Moses sy werk afgehandel” (*Eks. 40:33, NAB, klem verskaf*); met ’n soortgelyke uitdrukking na die bou van Salomo se tempel (*1 Kon. 7:40 en 51*). Op beide hierdie plekke is die evangelie en verlossing van die mens verkondig.

Na die sondeval dui die Sabbat, wat reg aan die einde van die week is, op die wonderbaarlike verlossing van die mens; wat slegs deur ’n ander wonderbaarlike gebeurtenis, deur ’n nuwe skepping kom (*Jes. 65:17, Op. 21:1*). Die Sabbat is ’n teken aan die einde van die menslike week dat die beproewing en lyding van dié ou wêreld wel (en net soos die week, óók) tot ’n einde sal kom.

Dit is waarom Jesus die Sabbat as die mees geskikte dag vir genesing van die siekes gekies het (*Luk. 13:13-16*). In teenstelling met die geestelike leiers van sy tyd, en die uiteenlopende mensgemaakte tradisies wat hulle aangehang het, was Jesus se genesing van siekes op Sabatte ’n vooruitwysing op die tyd dat alle pyn, alle lyding, en ook die dood oor en verby gaan wees, wat dan ook die algehele afsluiting van die verlossingsplan sal wees. Gevolglik is elke Sabbat ’n vergestaltung van die verlossingshoop wat ons koester.

Deur op die Sabbat te rus ervaar ons die rus en verlossing wat nou reeds in Jesus te vinde is, en wat eendag op ’n volmaakter wyse met die skepping van ’n nuwe hemel en aarde volvoer gaan word. Hoekom is dié stelling waar?

Die skepping van die mens

Die skepping van die mens is God se laaste taak in daardie onderneming, wel ten minste in die Genesis-vertelling. Die mens is die klimaks van die ganse aarde se skepping, die doel waarvoor die wêreld tot stand gebring is.

Lees Genesis 1:26-29 en hfst. 2:7. Wat is die verband tussen dié twee uiteenlopende weergawes oor die skepping van die mens?

Dat God die mens na sy beeld geskape het, is een van die treffendste bybelwaarhede. Slegs die mens is na die beeld van God gemaak. “God het [weliswaar] die wilde diere op die aarde gemaak” (*Gen. 1:25, NAB*), maar met ons is dit anders: “God het die mens geskape na sy beeld” (*Gen. 1:27, OAB*). Die algemeen-aanvaarde siening word so vertolk dat daar verstaan word dat hierdie beeltenis tot die geestelike aard van ons menswees beperk is. Hiervolgens behels “die beeld van God” ’n soort administratiewe “funksie” wat moet herinner aan die verteenwoordiging van God; of ’n soort geestelike “funksie” wat die band tussen God en mens, of mens en medemens aandui.

Hoewel hierdie vertolkings korrek is, ontbreek ’n belangrike deel van die realiteit hier: die stoflike sy van die skepping. Beide die geestelike en die stoflike sy word bygebring in die twee begrippe “beeld” en “gelykenis,” ’n tweeledige proses wat in Genesis 1:26 beskryf word. Die Hebreuse woord *tselem* (wat as “beeld” vertaal is) verwys na die konkrete vorm van die fisiese liggaam, terwyl die woord *demut* (wat as “gelykenis” vertaal is) na die abstrakte eienskappe, wat ’n afbeelding van die Godheid is, verwys.

Die Hebreuse begrip “na die beeld van God” behels dus die mens in sy geheel, ’n geheelbeeld van ons wese wat strook met die Bybelse siening in dié verband. Die Skrif verklaar dat die mens as individu (hetsy manlik of vroulik) uiterlik asook innerlik na die beeld van God geskape is. Let op Ellen G. White se kommentaar hieroor: “Nadat die Here vir Adam geskep het, was hy liggaamlik, verstandelik en psigies die beeltenis van sy Skepper” (*Education*, bl. 15).

Om die waarheid te sê, hierdie geheelsiening oor die beeld van God, wat die stoflike liggaam insluit, word herbeklemtoon in die tweede skeppingsvertelling, waar dit sê dat “die mens ’n lewende wese geword het” (*Gen. 2:7, NAB*), “’n lewende siel” in lewende lywe (*nefesh, OAB*), die produk van twee goddelike handeling wat God uitgevoer het: God het “gevorm” en toe het God “geblaas.” Let daarop dat “asem” dikwels verwys na die geestelike dimensie, hoewel dit ook ’n nou verwantskap het met die biologiese vermoë om asem te haal, met daardie deel van die mens wat “uit die stof van die aarde gevorm is” (*woordorde aangepas*). Dit is die “asem van die lewe” – d.w.s. asem (die geestelike) en lewe (die vleeslike).

Later voer God ’n derde handeling uit, dié keer die skepping van die vrou uit die liggaam van die man (*Gen. 2:21 en 22*), ter beklemtoning dat sy dieselfde aard as die man het.

Die mens se plig

Nadat God die eerste man geskep het, het Hy hom dadelik drie geskenke gegee: die tuin in Eden (*Gen. 2:8*), kos om te eet (*vers 16*), asook die vrou (*vers 22*).

Lees Genesis 2:15-17. Wat is Adam se plig teenoor die skepping en ook teenoor God? Wat is die verband tussen dié twee pligte?

Die eerste plig het te doen met die natuur (oftewel die omgewing) waarin God vir Adam geplaas het: “om dit te bewerk en te bewaak” (*Gen. 2:15, OAB*). Die werkwoord ‘*avad*’ (“om te bewerk”) verwys na werk. Ons ontvang nie net die lewende aarde as geskenk nie, maar moet ook daarop werk en dit vrugbaar maak – ’n les wat Jesus met die gelykenis van die talente herhaal (*Matt. 25:14-30*). Die werkwoord *shamar* (“om te bewaak”) behels die verantwoordelikheid om daardie geskenk te bewaar.

Die tweede plig het met kos te make. Ons moet onthou dat dit ’n gawe van Bo is (*lees Gen. 1:29*). God het ook vir Adam gesê: “jy mag eet soos jy wil” (*Gen. 2:16, NAB, woordorde aangepas*). Die mens het nie die bome geskep nie, ook nie die kos daaraan nie. Dit is ’n geskenk, ’n genadegawe.

Tog is daar ook ’n voorskrif hier: Adam moet van God se vrygewigheid gebruik maak deur “van al die bome” te eet en dit te geniet (*NAB*). As deel van hierdie genadegawe voeg die Here egter ’n beperking by. Daar is ’n spesifieke boom waarvan Adam-hulle nie die vrugte mag eet nie. Om sonder perke te eet, lei dus tot die dood. Hierdie beginsel is reg in Eden; en bly ons, in vele opsigte, steeds by.

Adam se derde plig is teenoor die vrou, God se derde gawe aan die mens: “die man [sal] sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees” (*Gen. 2:24, OAB*). Dit word op so ’n buitengewone manier gestel en is ’n kragtige bewoording wat die mens se verantwoordelikheid teenoor die huweliksbelofte onderstreep, waar die “een vlees” (*OAB*) beteken dat die tweetjies “een word” (*NAB, vgl. Matt. 19:7-9*).

Die rede waarom dit die man is wat sy ouers moet verlaat (en nie die vrou nie) het moontlik met ’n bepaalde Bybelse praktyk te doen: die gebruik van woorde met ’n manlike uitgang in boodskappe wat op beide geslagte betrekking het. Derhalwe is dié gebod dalk ook op die vrou van toepassing. Hoewel die huweliksband ’n gawe van Bo is behels dit ’n bepaalde verantwoordelikheid sodra dit ontvang word, ’n verantwoordelikheid wat die man en die vrou s’n is, en wat deur albei getrou nagekom moet word.

Dink aan al die gawes wat God jou geskenk het. Watter verantwoordelikhede het jy nou as gevolg van daardie genadegawes?

Vir verdere studie: Lees die volgende van Ellen G White: “Science and the Bible,” ble. 128, 129 in *Education*; en “The Creation” in *The Story of Redemption*, ble. 21, 22.

“Aangesien die boek van die natuur en dié van die geopenbaarde Woord die stempel van dieselfde Hemelse Outeur dra, kan dit nie anders as om in ooreenstemming met mekaar wees nie. Met verskillende metodes en in verskillende tale getuig hulle van dieselfde groot waarhede. Die wetenskap ontdek voortdurend nuwe wonders; maar bring niks uit haar navorsing te voorskyn wat, as ’n mens dit reg verstaan, indruis teen die geopenbaarde Woord van God nie. Die boek van die natuur en die geskrewe Woord – die een werp lig op die ander. Beide is ’n kennismaking met God omdat ’n mens iets daaruit leer aangaande die wette waardeur Hy werk.

“Verkeerde afleidings op grond van dinge wat in die natuur waargeneem is, lei tot die veronderstelling dat die wetenskap en die geopenbaarde Woord in stryd met mekaar is. Pogings om hierdie ooreenstemming te herstel het tot die aanvaarding van skrifuitleg gelei wat die trefkrag van God se Woord ondermyn en totaal daarvan beroof. Dit word algemeen aanvaar dat geologie in stryd met ’n letterlike uitleg van die Mosaïese boekstaving van die skepping is. Dit vereis na bewering miljoene jare vir die aarde om vanuit chaos te evolueer. Ten einde die Bybel met hierdie sogenaamde openbaring van die wetenskap te laat strook, neem mense aan dat die dae van die skepping oneindig lank moes wees, dat dit oor duisende of selfs miljoene jare gestrek het.

“Sulke gevolgtrekkings is heeltemal onnodig. Die opgetekende Skrif strook met sigself en met die natuurstudie” (Ellen G. White, *Education*, ble. 128 en 129).

Vrae vir bespreking:

- 1 **1** Waarom sal ’n mens se geloof geaffekteer word deur te glo dat hierdie verhale oor die skepping, legendes of “mites” is met die doel om geestelike lesse, maar lesse wat nie histories korrek is nie, oor te dra? Watter leidrade in die Bybelteks toon dat die bybelskrywer self dit net so histories korrek as die ander verhale in Genesis beskou het? Wat is Jesus se getuienis oor die historiese waarheid van hierdie verhale?
- 2 **2** Wat leer ons uit die verhaal van Genesis oor die belangrikheid van die mens se rentmeesterskap ten opsigte van die aarde? Hoe kan ons goeie rentmeesters van die aarde wees, maar terselfdertyd waak teen die gevare van panteïsme (die aanbidding van die natuur as God), wat gewis ’n groot versoeking is? (Lees *Rom. 1:25*.)
- 3 **3** Sonde het groot verwoesting oor die millennia heen gesaai. Op watter maniere openbaar die skepping nogtans steeds sy wonders, prag en majesteit aan die mens. Hoe sien ’n mens dat die natuur steeds “baie goed” is, en op ’n kragtige wyse van God se krag en goedheid tot ons spreek?